


Wat is Persoonlike Dissipelskap?



Die Handleiding wat op hierdie webtuiste se bladsye as elektroniese lesse aangebied word, is vertaal in Afrikaans met die toestemming van die skrywer. (Handleiding: "A Tool For Personal Discipleship". Skrywer: Art Barkley, President van "[Discipler Training International](#)". Vertaling is gedoen deur Charlotte Stapelberg. Samestelling en verwerking deur Dissipels van Jesus. Die beklemtonings in die Bybelse tekste is deur ons gedoen.

Persoonlike Dissipelskap



'n Bybelse model vir 'geestelike ouerskap'

1 Tessalonisense 2:3-13 bevat al die samestellende dele vir geestelike ouerskap (Van Paulus, met Silas en Timoteus)

1. HULLE HET EEN GESAMENTLIKE DOEL GEHAD

:3-6 Ons wou nie die guns van mense probeer wen nie, maar doen wat God verwag, Hy wat ons diepste gedagtes toets. Met vleitaal het ons ons nooit opgehou nie, soos julle trouens weet. Hebsug was nooit ons verborge motief nie; daarvan is God ons getuie. Ons het nooit daarna gestreef dat mense ons sou eer nie, of dit nou julle is of ander, al kon ons as apostels van Christus allerhande eise aan julle gestel het...

2. HULLE HET DIE GELOWIGES LIEFGEHAD SOOS 'n MOEDER HAAR KINDERS

:7-8 Ons was liefdevol en sag teenoor julle soos 'n ma wat haar kinders vertroetel. So geheg is ons aan julle, dat ons nie net die evangelie van God aan julle gegee het nie, maar ook ons lewe vir julle sou wou gee, want ons het julle lief gekry.

3. HULLE HET ROLMODELLE VIR DIE NUWE GELOWIGES GEWORD

:9-10 Julle onthou immers nog, broers, hoe ons geswoeg en gesweet het. Dag en nag het ons gewerk om nie vir enigeen van julle 'n las te wees terwyl ons die evangelie van God aan julle verkondig het nie. Julle, en ook God, is getuie van hoe suiwer, opreg en onberispelik ons ons gedra het teenoor julle wat glo.

4. HULLE HET INDIVIDUELE AANDAG EN ONDERRIG GEGEE SOOS 'n VADER

:11-12 Net so weet julle ook hoe ons elkeen van julle behandel het: soos 'n pa sy kinders het ons julle elkeen bemoedig en aangespoor en dit op die hart gedruk om tot eer van God te lewe, Hy wat julle roep om in sy koninkryk in te gaan en so aan sy heerlijkheid deel te hê

5. DIE WOORD VAN GOD WAS 'n ONONTBEERLIKE DEEL VAN DISSIPELSKAP

:13 Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die woord van God, soos

die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys

① **Paulus se besorgdheid vir die gelowiges het dié van slegs 'n leraar oortref. Hulle geestelike welsyn en groei het hy op sy hart gedra**

2 Kor. 11:28-29 Behalwe dit alles was daar nog die daaglikse bekommernisse, die besorgdheid oor al die gemeentes. As iemand swak is, voel ek of ek self ook swak is; as iemand in sonde val, voel ek of ek self ook deur 'n vuur gaan.

2 Kor. 2:4 Ja, met groot bekommernis en beklemming van hart, en onder baie tranes, het ek aan julle geskrywe. Dit was nie om julle hartseer te maak nie, maar om julle te laat beseef dat ek julle baie lief het.

2 Kor. 12:15 Ek sou graag alles wil gee vir julle lewe, ja, ook myself.

Kol. 1:28-29 ...sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring. Daarvoor span ek my ook in en beywer ek my met die krag wat Hy gee en wat kragtig in my werk.

2 Tim. 2:10 Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes.

Die dissipelmaker behoort as doelwit te hê om die dissipel, of vakleerling, te help om volwasse, vrugbaar en funksioneel te word, en om geestelik te vermenigvuldig. Die dissipelmaker se voordele is onderskik

② **'n Dissipelmaker is 'n voorbeeld, opreg en deursigtig, vir die dissipel. Die dissipel volg die dissipelmaker ná in oortuigings en ywer.**

1 Kor. 4:15-16 (Paulus aan die Korintiërs) want al sou julle ook duisende leermeesters in Christus hê, baie vaders het julle nie. Deur die verkondiging van die evangelie is ek in Christus Jesus julle **vader**.
16Daarom spoor ek julle aan: **Volg my voorbeeld!**

1 Kor. 11:1 **Volg my voorbeeld, soos ek** die voorbeeld van Christus volg.

Fil 3:17 (Paulus aan die Filippense) Wees my **navolgers**, broers, en let op

die mense wat lewe **volgens die voorbeeld wat ons vir julle stel.**

Fil 4:9 **En wat julle van my geleer en ontvang het, en gehoor en gesien het, dit moet julle doen.** En God wat vrede gee, sal by julle wees.

1 Tes 1:6-7 (Paulus aan die Tessaloniërs)

2 Tes 3:7-9 **En julle het ons voorbeeld gevolg en volgelinge van die Here geword.** In baie moeilike omstandighede het julle die woord aangeneem met 'n blydskap wat van die Heilige Gees kom. **So het julle 'n voorbeeld geword** vir al die gelowiges in Masedonië en in Agaje.

Heb. 13:7 Dink aan julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, **en volg die voorbeeld van geloof** wat hulle gestel het.

1 Tim 4:12 (Paulus aan Timothies) maar **wees jy** vir die gelowiges **'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid.**

2 Tim 3:10-11 Maar jy het my **nagevolg in leer, lewenswandel en lewensdoel, in geloof, geduld, liefde en volharding,**

Titus 2:7-8 In alles moet jy self vir hulle **'n voorbeeld stel van goeie werk, suiwerheid in die leer, waardigheid in gedrag, gesonde en onaanvegbare prediking.** Dan sal elke teenstander in die verleentheid kom dat hy niks slegs van ons sal kan sê nie.

Luk 6:40 (Jesus het gesê) n Leerling (vakleerling) is nie hoër as sy leermeester nie, maar iemand wat volleerd is, **sal aan sy leermeester gelyk wees.**

③ **'n Pasgebore kind verg 'n ekstra hoeveelheid individuele aandag. Soos wat 'n kind groter word, kan leiding toenemend in 'n groep plaasvind. Aangesien elke kind egter uniek is, is beide persoonlike en groepsaandag noodsaaklik op die pad na volwassenheid**

Wanneer 'n pasgebore baba van die hospitaal af huis toe gebring word, sit jy hom nie net neer en sê: "Welkom in ons gesin, Jannie, maak jousef tuis, die handdoeke is in die gang kas, die spens is hier en die blikoepmaker is in

hierdie laai. Geen gehuil na 10 in die aand nie, asseblief. Indien jy enige vrae het, vra gerus enigeen in die gesin, hulle sal jou graag help”

Jy mag dalk lag en sê dis belaglik, maar dit is wat gewoonlik met nuwe Christene gebeur. Iemand kom tot bekering en hy begin gereeld dienste bywoon, maar kry nooit enige persoonlike aandag nie. Ons belê 18 jaar van ons lewens om ’n kind groot te maak, maar bestee nie eers 6 maande om ’n nuwe gelowige te help om sy voete te vind in die nuwe geestelike omgewing waarin hy hom bevind nie. Gevolglik is daar baie mense wat vir jare Christene is, maar nie veel gegroei het nie. Hebreërs 5:12 verwys na hierdie verskynsel. Nuwe gelowiges het dus iemand nodig om hulle rigting te gee in die groeiproses.

(Uittreksel uit
<http://bible.org/seriespage/stewardship-god's-truth-through-discipleship>)

“Totdat andere leer om direk die lewe van die Here Jesus te ontvang, sal hulle deur jou van Sy lewe moet trek. Jy sal letterlik hulle bron van voorsiening moet wees totdat hulle leer om hulle voedingskrag van God te kry.”

(Uittreksel uit: My Utmost for His Highest by Oswald Chambers

Let op wat Paulus verklaar in 1 Tess. 2:7 Ons was liefdevol en sag teenoor julle **soos ’n ma wat haar kinders vertroetel**. Ander vertalings verwys hier na ’n sogende moeder.

Sommige glo dat **nuwe Christene nie spesiale individuele aandag nodig het nie**. Indien die Heilige Gees nie vir Paulus gelei het om die idee van ’n versorgende moeder te gebruik nie, kon daardie argument dalk geld. Ons moet egter eerlik vra, hoe lank na geboorte het ’n baba sy moeder se versorging nodig? Soos Oswald Chambers dit tereg uitdruk, **kry ’n baba sy voeding direk van sy moeder**, totdat dit gespeen word.

Paulus het erken dat elke gelowige uniek is en individuele aandag nodig het

Handl. 20:31 Wees waaksaam. Onthou dat ek elkeen van julle drie jaar lank onderrig het, aanhoudend, dag en nag, baie keer met tranes.

Kol. 1:28-29 Hóm verkondig ons, deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat ons elke mens tot geestelike

volwassenheid in Christus kan bring. Daarvoor span ek my ook in en beywer ek my met die krag wat Hy my gee en wat kragtig in my werk.

1 Tess. 2:11-12 Net so weet julle ook hoe ons elkeen van julle behandel het: soos 'n pa sy kinders het ons elkeen van julle bemoedig en aangespoor...

Jesus het ons die opdrag gegee om 'dissipels' te maak, nie net 'bekeerlinge' nie. In die Christengemeenskap is daar baie onvolwasse 'bekeerlinge' maar baie min 'dissipels'. (Sien ook Les 2-4)



Bybelse waarheid is 'n onontbeerlike onderdeel van Bybelse dissipelskap

A. 'n Christen kan nie geestelik volwasse wees sonder Bybelse begrip nie. Maar 'n Christen kan baie Bybelse kennis hê en nog steeds geestelik onvolwasse wees!

1 Kor. 8:1-2 Kennis maak verwaand, maar liefde bou op . As iemand meen hy het kennis van iets, het hy nog nie die kennis wat 'n mens behoort te hê nie.

Efes. 4:11-16 ...om die gelowiges toe te rus vir hulle diens, en vir die opbou van die liggaam van Christus. So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklikheid eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, Sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus. Dan sal ons nie meer kinders wees nie.

Kol. 1:28-29 ...deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring.

1 Tess. 2:13 Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die woorde van God.

B. Daar is inherente probleme met die algemene aanvaarde siening dat, om Bybelse kennis aan te bied, gelykstaande is aan dissipelskap en dat ander komponente opsioneel is. Indien die ander onderdele nie genoegsame aandag kry in die voedingsproses nie, sal die betrokke Christen moeilik groei tot geestelik produktiewe volwassenheid.

a. Indien Bybelkennis die alleen sleutel tot geestelikheid was, behoort ons tans die mees geestelike geslag van Christene in die geskiedenis te hê. Christen boekwinkels is vol van elke denkbare Bybelse onderwerp.

b. Om te beweer dat Bybelkennis die enigste sleutel tot geestelikheid is, is gelykstaande daaraan om te beweer dat voedsel die enigste behoefte van 'n kind is. Voedsel is natuurlik noodsaaklik, maar sou dit korrek wees om vir potensiële ouers te sê dat liefde, toewyding, vertroeteling, persoonlike aandag en voorbeeld opsioneel is in die grootmaak van kinders? Is die proses van die fisiese grootmaak van 'n kind nie 'n voorbeeld van hoe 'n geestelike kind grootgemaak moet word nie? Kom ons vra onself af hoe 'n fisiese baba sou vaar indien hy aan homself oorgelaat sou word op dieselfde manier as wat geestelike babas aan hulleself oorgelaat word.

c. Die meeste Christene sou saamstem dat, terwyl die Heilige Gees ongelowiges na Homself toe trek, Hy iewers in die hele geboorteproses Christene gebruik. Hoe kan dieselfde Christene dan tot die gevolgtrekking kom dat hulle betrokkenheid in die nuwe baba Christen se ontwikkeling beperk is tot geestelike kos wat op die tafel gesit word? Moet die Heilige Gees nou verder alleen werk in die ander areas waar die nuwe gelowige hulp nodig het om te groei?

Om lief te wees om te onderrig is goed, maar dit is beter om hulle lief te hê wat jy onderrig


Om die Bybel te ken is goed, maar dit is beter om die Een te ken en te verstaan wat deur die Bybel geopenbaar word!

(Jer. 9:23-24; John 17:3)

Die doel van Persoonlike Dissipelskap (Geestelike Ouerskap)

Om 'n gelowige te help deur die oorgang vanaf die gewoonte om daaglik in **selfgenoegsaamheid** te leef, na die gewoonte om in **afhanklikheid van God** te leef.

Met ander woorde: "Vertrou op die Here met jou hele hart en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop." (Spreuke 3:5&6)



- 1 Verteenwoordig die 'ongeredde' tydperk (geestelik dood vir God) in 'n persoon se lewe, van fisiese tot geestelike geboorte. Gedurende hierdie tydperk word selfgenoegsaamheid 'n daaglikse gewoonte, 'n lewenswyse
- 2 Verteenwoordig die 'evangelisasie' stadium, wat uiteindelik lei tot die gebeurtenis van Redding en Saligheid, wanneer die persoon van geestelike dood tot lewe in Christus beweeg.
- 3 Verteenwoordig die 'geestelike ouerskap' tydperk, daardie belangrike tyd van vorming wanneer 'n nuwe gelowige deur 'n geestelike ouer gevoed en gedissipel behoort te word, met die eerste treetjies van hoe om in afhanklikheid van die Heilige Gees te leef.
- 4 Verteenwoordig die proses van heiligmaking. Alreeds deur die dissipelskap proses, het die gelowige nou 'n goeie begrip van die meester-

dienskneg verhouding en die noodsaaklikheid om die Heilige Gees te volg, en om voort te gaan om deur Hom gelei en verander te word.

VERWAGTE RESULTATE VAN DISSIPELSKAP:

◇ **GEESTELIKE VOLWASSENHEID**

◇ **GEESTELIKE VRUGBAARHEID**

◇ **GEESTELIKE REPRODUKSIE**

FISIESE & GEESTELIKE VERMENIGVULDIGING

MENSLIKE GESLAG

Genesis 1:26-28

:26 Toe het God gesê: "Kom ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip"

:27 God het die mens geskep as Sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep

:28 Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see en die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip."

Adam (1ste) & Eva



Medici beweer dat 90% van normale, gesonde egpare fisies kinders behoort voort te bring.

Ons het gewoonlik simpatie met egpare wat nie kinders kan kry nie, want dit word as normaal beskou om kinders te hê.

Struikelblokke om fisies te produseer:

1. Fisiese onvolwassenheid
2. Fisiese gesondheidsprobleme
3. Gebrek aan fisiese intimiteit



GEESTELIKE GESLAG

Matteus 28:18-20

Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense My dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

1 Kor. 15:45-46

:45 ...die eerste mens Adam het 'n lewende wese geword. Die laaste Adam (Jesus) het die lewendmakende Gees geword.

46 Die geestelike kom nie eerste nie, maar die natuurlike, en daarna die geestelike.

Jesus (2de) Adam



Behoort ons nie te verwag dat die meerderheid van normale, gesonde Christene geestelike kinders behoort voort te bring nie?
Het ons simpatie met die Christen wat nie geestelike reproduseer nie?
Waarom nie?

Struikelblokke om geestelik te reproduseer:

1. Geestelike onvolwassenheid
2. Geestelike gesondheidsprobleme
3. Gebrek aan geestelike intimiteit